

Gereformeerde Kerk Bellville – 5 Augustus 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:1, 7, 11 (Sb 26)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolkeⁿ en donkerheid omsweve, / sy wet op Horeb het gegee:
- 7 Gee eer aan vader en aan moeder, / want God regeer ons deur hul hand;
dan sal die HEER, die troue hoeder, / ons seën in ons vaderland.
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genadeⁿ is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:1, 2 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefdeⁿ en lof verklank!
- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 130:2, 4 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregtighede. / HEER, doen ook so aan my!

Gebed

Psalm 119:4, 5 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.
- 5 Daarom sluit ek al u woorde / in my hart sorgvuldig in,
dat ek nie teen U sou sondig / en te minder U bemin.
HEER, my God, U is lofwaardig! / Leer my tog u regte wel.
Met my lippeⁿ ek die wysheid / van u wet alom vertel.

Skriflesing: Efesiërs 5:15-21; 6:1-4; 2 Timoteus 3:1-5;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 39

Kernvers: Efesiërs 6:1-3

Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. (Efesiërs 6:1-3 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).

(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21.

Tema: In 'n huis waar Christus Koning is, laat kinders hulle deur die Heilige Gees lei

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, julle het ook al seker gehoor hoe mense deesdae eerder praat van gehoorsame ouers en nie van gehoorsame kinders nie. Daar is verseker baie faktore wat daartoe bygedra het dat mense so praat. Daar is kinders wat opstandig geword het teenoor hulle ouers en daar is ouers wat hulle kinders behandel het soos besittings. En in 'n wêreld waarin mense nie graag na die Woord van die Here luister nie, maak mense gebruik van allerhande tegnieke wat hulleself uitdink sodat daar ten alle koste net vrede in 'n huis kan wees.

Een van die tegnieke wat die mense sonder die gesag van die Woord uitgedink het, is dat ouers om liefdesnaam net nie hulle kinders moet beheer of voorsê nie. Ouers moet hulle kinders eerder toelaat om hulle eie persoonlikheid te ontdek en ontwikkel. Dit gee aanleiding daartoe dat ouers nie gesag oor hulle kinders uitoefen nie, want kinders moet mos nie voorgesê word nie. En die resultaat is dat kinders die huishouding regeer.

In ons reeks aan die hand van ons Kategismus bring die Heilige Gees ons by die vyfde gebod, waarin ons hoor hoe sê die Here hoe dit werk in die huis van sy dissipels. Dit is nie die ouers wat aan die kinders gehoorsaam moet wees nie. Kinders word deur die Here aangesê om hulle ouers te gehoorsaam. Maar in baie huise is die ouers so deur die lewens-ingesteldheid van die samelewing beïnvloed dat selfs ouers dink dit is normaal as kinders opstandig word teenoor hulle ouers. En as kinders nie opstandig word nie, dink die mense, daar is fout met hulle kinders.

Wat baie mense egter as normaal sien in die samelewing van vandag, is nie soos wat dit behoort te wees nie. Die Heilige Gees wys vir ons in 2 Timoteus 3 se eerste vyf verse 'n foto van die samelewing van vandag wat Hy al geneem het in die dae van Paulus. En wanneer 'n mens daardie woorde hoor, klink dit mos soos wat dit vandag lyk en wat vir baie mense van vandag normaal is. Die Heilige Gees toon dit vir ons duidelik aan – dit wat normaal is vir mense is nie vooruitgang nie, maar eerder agteruitgang. En Hy gee ook die rede waarom dit agteruitgang is:

Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van godsdienst hê, maar die krag van die godsdienst sal hulle nie ken nie.
(2 Timoteus 3:4b-5a, AFR83)

In Efesiërs 6:1-4 teken Paulus vir ons 'n prent van 'n huis waarin Jesus Christus Koning is. Om die waarheid te sê, in die hele gedeelte van Efesiërs 5:22 tot 6:9 word daar gewys hoe lyk drie verskillende verhoudings wanneer die mense in die verhoudings hulle deur die Heilige Gees laat lei. Wanneer elkeen in die onderskeie verhoudings vervul is met die Heilige Gees sal elkeen in die onderskeie verhoudings aan mekaar onderdanig wees uit eerbied vir Christus. En dan wys die Here vir ons hoe lyk 'n huwelik, 'n gesin en 'n werkplek wanneer mense onder die heerskappy van Christus as hulle Koning lewe.

Broers, susters en kinders, omdat ek graag reg wil laat geskied aan die kinders se verhouding met hulle ouers en ook aan die ouers se verhouding met hulle kinders, gaan ons vir eers net op die kinders verhouding met die ouers konsentreer.

Wanneer Paulus skryf dat kinders aan hulle ouers gehoorsaam moet wees, haal hy dadelik die vyfde gebod aan. Soos ons almal teen die tyd al weet word die Tien Gebooe in twee dele of tafels verdeel. In die eerste vier gebooe leer die Here ons hoe ons God moet liefhê. In die laaste ses gebooe leer die Here ons hoe ons ons naaste moet liefhê.

Die bevel van die Here om jou ouers te eer, is die fondament waarop al die gebooe wat volg gebou word. As jy regtig jou ouers eer, sal jy nie skande oor hulle bring deur 'n moordenaar, dief, hoereerder of leuenaar te word nie. Om jou ouers te eer is dus die begin van al 'n mens se verhoudings met alle ander mense. Maar die vyfde gebod werk ook terug na die eerste vier gebooe. Die woord *eer* is dieselfde woord wat gebruik word wanneer daar gesê word dat ons God moet eer. Mense wat nie hulle ouers eer nie, is ook gewoonlik mense wat nie eerbied en respek vir God het nie. En wanneer God en ouers nie meer geëer word nie, stort 'n samelewing in duie. Alhoewel die woorde **Eer jou vader en jou moeder** vir baie mense van vandag outyds klink, is dit van die uiterste belang vir die voortbestaan van 'n samelewing.

Wanneer die Here hierdie bevel gee aan kinders om hulle ouers te eer, praat Hy nie net met julle klein kindertjies en die kinders wat nog in die skool en in die huis bly nie. Die Here praat met elkeen wie se ouers nog leef. Die bevel om jou ouers te eer is 'n lewenslange bevel. Moet volwasse kinders ook nog hulle ouers gehoorsaam? Ek sou sê volwasse kinders moet hulle ouers se raad respekteer en nie sommer ignoreer net omdat jy volwasse is nie. As jy nie jou ouers raad gaan volg nie omdat jy meer inligting as hulle het, is dit net goeie maniere om vir hulle te sê hoekom jy nie hulle raad gaan volg nie.

Die Here praat dus met kinders wat met die Heilige Gees vervul is, want dit is net kinders wat deur die Heilige Gees gelei word wat hierdie gebod kan gehoorsaam. Hoe lyk kinders wat met die Heilige Gees vervul is? Wanneer 'n kind met die Heilige Gees vervul is, luister die kind na die dinge wat die Heilige Gees vir hom in die Bybel leer. Dit wil sê, dit is 'n kind wat regtig in Jesus Christus glo omdat die Heilige Gees hom bekeer het.

Pa en Ma, toe ons in die reeks aan die hand van ons Kategismus oor die doop gesels het, het ons al gesê dat ons nie sommer kan aanvaar dat iemand wat gedoop is ook verlos is deur Jesus Christus nie. Dit is ook van toepassing op ons kinders. Maar ons het die voorreg dat die Here Homself aan ons kinders verbind het deurdat Hy ook vir hulle gesê het dat Hy hulle God is. En Hy het bygevoeg dat hulle deur die geloof kinders van Hom sal wees.

Ouers kan nie hulle kinders geloof gee nie en nog minder kan ouers hulle kinders met die Heilige Gees vervul. Maar die kinders van gelowige ouers het die voordeel dat hulle ouers 'n belofte aan die Here gemaak het. Ouers in hierdie gemeente het die Here belowe om

hulle kinders van God en Christus te leer. En ek is seker elke ouer bid gereeld dat die Here hulle kinders in 'n vaste verhouding met Hom sal bring – dat Hy hulle sal bekeer en tot geloof in Jesus Christus bring.

Wanneer 'n kind besef dat hy 'n sondaar is voor die Here en die Gees lei hom met die Woord om sy skuld voor die Here te bely en sy vertroue in Christus te stel, het die Here die kind bekeer. Dan is die Heilige Gees in hom teenwoordig en sal hom ook lei op die weg van heiligmaking. Dit wil nie sê dat 'n bekeerde kind 'n stroopsoet en gehoorsame kind sal wees nie. 'n Gelowige kind groei nie net tot liggaamlike en emosionele volwassenheid nie, hy groei ook tot geestelike volwassenheid. In sy geloof moet hy ook nog groei sodat hy die bevele van die Here behoorlik kan gehoorsaam. Daarom bid ouers ook aanhoudend dat die Heilige Gees hulle kinders sal vervul sodat hulle gehoorsaam aan die Here kan lewe.

Kinders wat met die Heilige Gees vervul is, gehoorsaam hulle ouers omdat hulle aan die Here gehoorsaam wil wees. Let op hoe staan geskryf:

Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.
(Efesiërs 6:1 AFR53)

Die woorde *in die Here* beteken nie dat jy net jou ouers gehoorsaam wanneer hulle in die Here is, dit wil sê, Christene is nie. Dit beteken ook nie dat jy hulle gehoorsaam wanneer jy dink hulle besluite is soos wat die Here dit wil hê nie. Nee, die woorde *in die Here* beteken dit is jou verantwoordelikheid teenoor die Here om jou ouers te gehoorsaam. As jy dan die Here wil gehoorsaam en Hom tevrede stel, moet jy jou ouers gehoorsaam. En dan doen jy dit omdat jy dankbaar is vir die verlossing wat Hy jou in Christus gegee het en jy stel jouself onder die gesag van die ouers wat Hy aan jou gegee het om jou in sy Naam groot te maak.

Ek vertrou dat nie een van die ouers sal moedswillig aan hulle kinders 'n opdrag gee wat teen die Woord van die Here is nie. Maar ons is almal sondaars wat nog in heiligheid groei, daarom sal ek dit ook byvoeg. Kinders, die enigste keer wat jy nie jou ouers mag gehoorsaam nie, is wanneer hulle iets van jou verwag wat teen die wil van die Here is. Ons moet eerder aan die Here gehoorsaam wees as aan mense.

As jy dan ongehoorsaam moet wees, doen jy dit nie uitdagend nie. Jy betoon steeds respek aan hulle, want hulle is jou ouers. En as hulle jou miskien daarvoor tug, beskou daardie tug as lyding wat jy in die Naam van die Here dra. Ons gehoorsaam ons ouers, want die Here wil ons deur hulle regeer en leer.

Die vyfde gebod praat van meer as gehoorsaamheid. Die Here sê dat kinders hulle ouers moet eer. Dit is dieselfde woord wanneer die Heilige Gees ons leer om God te eer. Die Hebreeuse woord wat ons met *eer* vertaal, het ook die betekenis van gewichtig of belangrik wees. Ons eer of verheerlik die Here omdat Hy die belangrikste Een is wat ons ken. Iemand wat die Here nie eer nie, tree teenoor die Here op asof die Here nie belangrik is nie. So 'n mens steur hom ook nie aan die woorde van die Here nie.

Wanneer kinders dan hulle ouers eer, het hulle respek vir hulle ouers omdat hulle ouers belangrike mense is. Het ouers is waardevol vir kinders, want dit is hulle wat jou versorg en groot maak en leer. As jy gelowige kind van God is, sal jy uit dankbaarheid vir die verlossing wat jy het jou ouers eer en respekteer.

Maar daar is kinders wat kan vra: Hoekom moet ek my ouers eer as hulle my so lelik

behandel en baie maal om geen rede op my skel nie? As jy so 'n ongelukkige kind is wat aanhoudend op geskel en verkleineer word, moet jy in die eerste plek onthou wie sê vir jou dat jy jou ouers moet eer. Dit is nie jou ouers nie, maar die Here en sy woord is wet.

Die Tien Gebooie is nie tien voorstelle vir 'n gelukkige lewe nie. Dit is ook nie tien gewoontes van suksesvolle mense nie. Dit is tien bevele wat die Here gee. As ek dan nie respek het vir my ouers nie, is ek in die eerste plek ongehoorsaam aan die Here. En 'n gelowige kind wat deur Jesus verlos is, wil nie ongehoorsaam wees aan die Here nie.

Kinders, daar is een ding wat julle baie goed moet weet. Dit is nie waar dat jy jou eie baas kan wees nie. Wanneer alles nie altyd na jou sin in die huis verloop nie en dit voel asof jou pa en ma min dinge in jou kan sien waaroor hulle opgewonde is, wens jy dat jy uit die huis kan kom en jou eie baas wees. As jy uit die huis uit trek, word jy nie jou eie baas nie, jy is maar net nie in die huis waar pa en ma se reëls geld nie.

Kom ek vertel jou wat is die waarheid. Jy onderwerp jou aan God wat jou ouers aangestel om jou onder hulle gesag groot te maak. As jy dit nie wil doen nie en dink jy gaan jou eie baas wees, onderwerp jy jouself aan die duivel en hy het 'n horde mense wat 'n lewe voorstaan van opstand teen God en sy Woord. En hoor nou mooi, die duivel is nie 'n vriendelike baas nie.

En moenie dink dat jy nie vir die duivel se slimpraatjies sal val nie. Die duivel gaan nie by jou opdaag met sy vurk in die hand en horings op die kop nie. Hy is baie uitgeslape en doen homself voor as die engel van die lig. En hy en die mense wat hom volg, gaan met aller-hande mooi beloftetjies van vryheid en eie baas wees na jou toe kom. Hy gaan self vir jou belowe dat jy alles kan doen wat jy begeer en jy gaan dit geniet, want nou is daar mos nie meer reëls soos by die huis nie. As jy sy stories glo, het hy jou uitgevang en is jy 'n slaaf van hom. En hy gee net mooi niks vir jou om nie.

Jy het mos al die Here leer ken as die God wat regtig vir jou omgee. As jy in Jesus Christus glo, het jy in Christus die grootste bewys van God se liefde vir jou. Wanneer jy jou aan die Here onderwerp en jou ouers gehoorsaam, sal dit op die lang duur met jou goed gaan. Dit is mos die belofte wat die Here self maak. Dit sal goed gaan met jou, al is die omstandighede miskien nou nie vir jou baie lekker nie.

Maar wat moet kinders nou doen wie se ouers regtig moeilik is en miskien ook nog ongelowige is. In hierdie stukkende wêreld gebeur dit dat daar kinders is wat deur die Here gered is, maar hulle ouers is nog ongelowig. En die ongelowige ouers doen verskriklike dinge met hulle kinders. Moet hierdie kinders ook nog hulle ouers eer en gehoorsaam?

Ons sê weer, ons moenie anders wil doen as wat die Here sê wanneer die omstandighede vir ons ongemaklik is nie. 'n Gelowige kind sal heelyd onthou wie se wet is die vyfde gebod. Dit is die Here se gebod en as gelowige moet ek Hom gehoorsaam. Daarmee sê ek nie dat dit maklik gaan wees nie.

Bid dat die Heilige Gees jou hiermee moet help. In die eerste plek moet jy die Here dank dat Hy vir jou ouers gegee het. Vra die Here om jou te help sodat jy jou ouers kan vergewe vir die lelike dinge wat hulle aan jou gedoen het. Vra Hom ook om die bitterheid uit jou hart weg te neem. In die tweede plek moet jy nie ongeskik met jou ouers wees omdat hulle lelik is met jou nie. Jy moet steeds gehoorsaam aan die Here vriendelik, geduldig en goedhartig teenoor jou ouers wees. En in die derde plek moet jy steeds as 'n priester van die Here vir jou ouers optree. As die gelowige kind se ouers ongelowig is, is die gelowige

kind God se skakel tussen die ouers en die evangelie van Jesus Christus. Leef so dat jou ouers die Here in jou optrede kan leer ken. Ten slotte, kinders, as gelowiges moet ons die Here eer en liefhê met ons hele hart. Gelowiges wys hulle liefde vir die Here wanneer hulle Hom gehoorsaam. En vir ons wie se ouers nog leef beteken dit dat ons ons ouers moet eer, soos die Here beveel.

Amen!

Slotgebed

Psalm 34:6, 7 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.
- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 Augustus 2018